Pinksterfees en Nagmaal.: **VERVOLGDES WAT GLIMLAG**

Matt 5:3-16; Joh 17:13-19

**Terugblik**
Ons het die afgelope week gekyk na **7 karaktertrekke van 'n Christen**: 'n Christen is iemand wat besef hy/sy is volkome van God *afhanklik;* wat geroer word deur die verwoestende uitwerking van die sonde; wat hom laat tem deur die Helige Gees; wat passievol is vir dit wat *reg* is; wat daadwerklik *omgee* vir mense in nood; vir wie *God se eer* die belangrikste van alles is en wat hom beywer vir *vrede* tussen mense en God, en mense en hul medemense.
Sulke mense verklaar Jesus **"Geseënd"** (markarios). Hulle kry die wonderlikste **beloftes** – die koninkryk van die hemel, troos, die nuwe aarde, vervulling, barmhartigheid, om God te sien, om kinders van God genoem te word.
Die **laaste van die ag uitsprake** is *ewe verrassend* as party van die ander: "*Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê."* (Matt 5:11)

**1. DIT WAS DIE ERVARING VAN DIE EERSTE CHRISTENE**
Hierdie woorde is 'n **presiese beskrywing** van wat die eerste Christene na Jesus se hemelvaart oorgekom het. Toe Christus na die Vader gegaan het, het die wêreld sy **haat op Sy volgelinge gerig**. Die Christene het hulle *werk verloor*. Hulle is uit die *sosiale lewe uitgestoot*. Somige is vir die *leeus gegooi* en op *brandstapels* verbrand. **Nero** het hulle vol *pik* laat smeer en aan die brand laat steek om sy tuine te verlig. Hy het hule in die *velle van wilde diere* laat toewerk en deur jaghonde laat verskeur. *Gesmelte lood* is oor hulle gegooi en hulle is met *rooiwarm plate* gebrand. Van hul *liggaamsdele is afgesny* en voor hulle oë gebraai.
**Watter redes is vir sulke wrede strawwe aangevoer?**

**1.1 HULLE IS VALS BESKULDIG**
Ten eerste is hulle **vals beskuldig**. Daar is bv. 'n *kwaadwillige gerug* versprei dat hulle **mensvreters** was. Die instellingswoorde van die nagmaal is hiervoor misbruik: *"Dit is my liggaam ... neem, eet"*, en: *"Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed. Drink almal daaruit."* Daar is *rondgefluister* dat die Christene by die nagmaal 'n **kind geoffer** het en die vleis geëet het. Skindertonge het vertel dat hul **liefdesmaaltye** onsedelike samekomste was.

**1.2 HULLE WEIER OM TOE TE GEE AAN POLITIEKE DRUK**

‘n Tweede oorsaak vir al die vervolging was **polities** van aard. Om die **Romeinse Ryk**, wat die hele wêreld van destyds ingesluit het, as ‘n **eenheid** saam te bind, moes almal aanvanklik die **godin Roma** aanbid. Later is die **keiser** *tot god* verklaar, *tempels* tot sy eer opgerig en *goddelike eer* aan hom bewys. *Eenmaal elke jaar* moes almal wierook gaan brand by die altaar en verklaar: *“Die keiser is god!”*
Die **christene het geweier** om aan hierdie dinge mee te doen, want vir hulle was die Vader van Jesus Christus hul Verlosser die enigste ware God. Vir hierdie weiering het hulle swaar gely.
Die **keiser-aanbidding** was vir die Romeine meer ‘n <u>politieke </u>as ‘n godsdienstige ding. Dit is as ‘n toets vir jou *politieke lojaliteit* beskou. As ‘n mens die wierook gebrand en verklaar het: *“Die keiser is god!”,* het jy ‘n **sertifikaat** ontvang en kon jy enige ander god gaan dien as jy wou – solank jy net nie die wet en orde daardeur in gevaar gestel het nie. Die Christene wou **<u>geen kompromieë</u>** hieroor aangaan en hul Here verloën nie. Hulle het nie kans gesien om maar saam te praat en so hulle velle te red nie. Hulle kon nooit die keiser *bo* of selfs *langs* Christus stel nie – want **Jesus was hul enigste Here**. Om sy ontwil het hulle vervolging en selfs die dood bo die lewe verkies.

**3. CHRISTENWEES VRA STEEDS ‘N PRYS**

Christenwees kos ook vandag **‘n prys**. Jesus soek **nie bewonderaars of leerlinge of mooiweersvriende** nie, maar **dissipels**. Dissipels is mense wat hulle aan Hom <u>verbind</u> het – *“for better or for worse”* (kerk=bruid; Christus = Bruidegom). Dissipels is mense wat hoor <u>*en*</u> doen. En dissipelskap was nog nooit goedkoop nie: *“’n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle my vervolg het, sal hulle julle ook vervolg.”* (Joh 15:20)

Daar is Christene in die wêreld wat **vandag nog met hul lewens** vir hul dissipelskap betaal. Sommige verloor hul *werk* ter wille van die Here. Vir die meeste Christene in **ons land** neem vervolging egter die vorm aan van *spot en vernedering*; hulle word *uitgelag,* daar word met hulle die *gek geskeer* of hulle word ig*noree*r. Hulle kry miskien nie *erkenning* nie, word nie *bevorder* nie, word nie *genooi* nie.

**4. MOENIE TERUGDEINS NIE**

Jesus gee **twee redes waarom Christene nie moet terugdeins** in die aangesig van vervolging nie.
4.1 Eerstens moet ons altyd onthou **ons is *“Geseënd”***. Selfs as ‘n christen **doodgemaak** sou word ter wille van sy geloof en getuienis, *verloor hy nie*. Hy gee sy aardse lewe af, maar dan begin sy hemelse lewe. **Sterwe is dan wins** (Fil 1:21). *Death is gain*. Wie ‘n Christen se

lewe neem, maak dat hy/sy *vroeër in die paradys* aankom. Vergl **Lied 476:4** (Luther).
Die Heiland sê dan ook vir sy dissipels: *"Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel."*
So lees ons in Handelinge 5:41 dat die dissipels van die Joodse Raad weggegaan het, *"bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die naam van Jesus vernedering te ly."* **Paulus** herinner die Filippense daaraan: *"God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly."* (1:29)
Ons het nou die aand gesê 'n dissipel is iemand wie se **oë vasgenael** is op Jesus, "*die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterhand van God."* (Hebr 12:2) En dan gaan die skrywer van die Hebreër brief verder: *"Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie. Julle het nog nie so teen die sonde weerstand gebied dat dit vir julle 'n stryd om lewe of dood geword het nie."* (12:3,4)

4.2 Tweedens: Ons moet dit eintlik **te wagte wees**. Christene is **profete** en profete was **nog nooit populêr** nie. Hulle het die profete wat **voor ons** was (:12) vervolg. Ons woord vir *getuie* en *martelaar* kom van dieselfde Griekse woord. Petrus: *"As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle sy voetspore kan volg."* (1 Petr 2:20,21) Lyding ter wille van Christus is **deel van 'n Christen se roeping**. Ons moenie dan wonder of God nou *van ons vergeet* het nie. Jesus het gewaarsku: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê."* Maar Hy het ook gesê: *"Hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."* (Joh 16:33)

## 5. MAAK 'N VERBINTENIS TOT DISSIPELSKAP

Gemeente, dis wanneer ons hierdie ag karaktertrekke openbaar dat ons aan ons roeping om **sout en om lig** te wees in die wêreld beantwoord. Dan word ons hemelse **Vader verheerlik**: *"Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." (Matt 5:16)* - dan **glimlag** Hy oor ons!
**Die Heilige Gees het op Pinksterdag gekom** sodat Constantiagemeente ook **getrou** kan wees aan haar **roeping** om sout en lig te wees in hierdie wêreld. Kom **ons verbind** ons vandag opnuut weer daartoe om nie net *bewonderaars* en *leerlinge* van Jesus te wees nie, maar om **Sy dissipels** te wees deur dik en dun. Die **Heilige Gees** sal ons daartoe help! Amen.